

Is die Christelike godsdiens dan so moeilik?

Teksgedeelte: Kol 2: 6 – 31

Teksvers: Kol 2: 6 – 7

Tema: Bly in Jesus!

Braam Krüger

Dit is opvallend dat die mens godsdiens soms “moeilik” maak. Ingewikkelde redenasies, allerlei afleidings, moeilike woorde, wette, taboes, ensovoorts. Dit kan selfs so erg word dat dit ‘n mens se geloof in gevaar stel. Is God regtig so moeilik? Is die Evangelie regtig ‘n verborge saak? Die Here Jesus sê tog mens moet die Evangelie soos ‘n kindjie aanvaar (Mt 18: 2)!

In die gemeente in Kolosse was daar ook baie verwarring rondom die eenvoudige Evangelie. Daar was dwalleeraars wat op drie maniere die Evangelie moeiliker gemaak het as wat dit moes wees.

1. Persone onder invloed van die **Griekse filosofiese** benaderings. Hulle gebruik Griekse logika, retoriek en argumente wat die gelowige wegvat van die Here af (:8). Hulle klink slim, maar as jy hulle evalueer, vind jy dat hulle leerstellinge jou nie by die voete van Jesus uitbring nie, maar by die gedagtes van hierdie wêreld.
2. Die tweede groep is onder **Joodse wettisistiese** invloed (:16vv). Hulle leer gelowiges dat Jesus belangrik is, maar daar moet iets bykom: die hou van Ou-Testamentiese wette, insluitende wat jy mag eet of nie, en ander reinheidswette, asook die hou van feeste en die Sabbat. Dit vat jou ook weg van Jesus ALLEEN.
3. Die derde groep het geglo in **Oosterse mistieke ervarings** (dalk onder Persiese invloed) (:18). Deur meditasie, visioene, kontak met engele en so meer kry jy spesiale kennis van die Here en God se wil – wat jou wegneem van die eenvoudige Bybels boodskap – wie in Christus glo sal lewe.

Wat is dan die eenvoudige Evangelie?

1. Jy het Jesus leer ken (**aangeneem**). Hy het vir ons sondes betaal en deur geloof in Hom is jy gered en versoen met God.
2. Ons lewe is in Hom **gewortel**. Nie op filosofieë, wette of ervarings nie. Nee, ons leef in die voetspore van Jesus. Ons is lief vir die Vader en vir ons naaste. Ons gaan uit ons pad om te leef soos Jesus.
3. Só 'n lewe lei tot **vastigheid** in die geloof. Geloofsekerheid. Want jou liefde getuig van die werk van die Gees in jou hart.
4. En dit lei ook tot **dankbaarheid** – want jy besef dat God genade aan jou bewys het. Jy waardeer God se teenwoordigheid in jou lewe!

Ons doop herinner ons voortdurend aan ons kinderlike geloof (:12). Dit versimboliseer die feit dat ons met Jesus gesterf het en in die graf was (die onderdompeling) en dat ons met Hom in 'n nuwe lewe opgestaan het (die opkom uit die water).

Mag ons kinderlik-gelowig saam met God leef, verbind aan Hom deur Jesus ons Here! *Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.*” (Mk 10:15).